Sondag **22 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 11:15-18**

**Fokusgedeelte: Openbaring 11:15 (AFR83)**

**Die tweede koms van Christus**

Toe Christus die eerste keer na ons gekom het is Hy gebore in die die stal van Betlehem. Toe het die engele gesing: "Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het." Toe was die herders bly en het die wyse manne uit die ooste aan Jesus kom hulde bewys.

Die koms van Jesus was die bewys van God se ewige liefde. Ons lees daarvan in Johannes 3:16 waar Jesus sê. "So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Hier in Openbaring 11 lees ons nou van Christus se tweede koms. Wanneer die sewende engel op sy trompet blaas, was daar stemme in die hemel wat hard uitgeroep het: Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde en Hy sal oor ons heers tot in ewigheid.

Met sy eerste koms het Jesus gekom as Verlosser na die wêreld. Maar nou met sy tweede koms kom Hy as Regter. Nou gaan die ewige oordeel plaasvind. Die koninkryke van die wêreld word nou teruggeneem en geplaas in die hande van sy ware Eienaar en Heerser, Jesus Christus, vir ewig en altyd.

Die 24 ouderlinge wat op hulle trone voor God sit, het God aanbid en gedank dat Hy nou sy mag gebruik om Jesus te stuur om as koning te heers.

Dan vind die groot oordeel plaas. Die boeke van die hemel word geopen en elkeen word geoordeel vir dit wat hy op aarde gedoen het. Goed of sleg.

*Sing: Psalm 49-1:1, 2*

*Ds. Peet J van der Walt (Emeritus)*